# Verhale van Onder die Marulaboom

Deur Leon de Villiers

## Die Olifantneste

THINK
DIGITAL ACADEMY



Een oggend, ná ’n baie koue en winderige nag, het ’n trop nukkerige olifante in die flou winterson gelê en bak. Dit was ’n baie moeilike nag, veral vir klein Spout. Sy het was yskoud van die koue. Sy het haar oë op skrefies getrek en na die son gekyk. Sy het probeer verstaan waarom die son nie snags sowel as bedags kon skyn nie. Was die son net lui, of wat?



Skielik het sy die mossies gesien wat vrolik uit hulle neste tuimel, en dit het haar laat dink.

“Mamma,” het sy liggies aan haar ma se stert getrek. “Hoekom moet ons in die winter buite in die koue slaap terwyl die mossies warm neste het?”

“Dis maar hoe dit is,” het Flap, nog vaak, gesê. “Ons voorouers het ook so geslaap.”

“Is mossies dan slimmer as olifante?” het Spout gevra.



Flap het haar lang slurp geskud. “Nee! Natuurlik nie! Almal weet olifante is die slimste diere in die veld.”

Dit het Spout nie tevrede gestel nie. “As ons dan so slim is, hoekom is dit óns wat buite in die koue slaap en nie die mossies nie?”

“Mossies is klein, brose diertjies wat maklik doodgaan,” het Flap gesê. “Ons is sterk en word baie oud. Ons kan die koue hanteer.”

Spout was steeds omgekrap. Sy het teen ’n dooie boomstam gestamp. “Ek wil nie elke aand koud kry nie. Ek dink olifante is net te dom om neste te bou.”



Flap het haar jongste streng aangekyk. “Moenie nonsens praat nie, Spout! Ons is nie te dom om neste te bou nie. Ons wil net nie, dis al.”

Spout kon haar ore nie glo nie. Sy het na haar ma gekyk en gevra: “Ons wil nie? Hoekom nie?”

Al die ander olifante het opgehou staar en na Flap gekyk. Ja, wanneer het hulle besluit dat hulle nie wou nie?


Flap het ’n paar blare van ’n tak afgestroop en gemaak asof sy nie gehoor het nie.



“Ek wil ’n warm nes hê,” het Spout gesê. “Ek wil, ek wil, ek wil!”

“Moenie jou klein slurpie vir my staan en skud nie!” het Flap geraas en Spout met haar slurp ’n klap op die boude gegee. “Olifante bou nie neste nie en dis die einde daarvan!”

Daarna het Spout vinnig opgehou dikmond wees. Dit sou gevaarlik gewees het om Flap nog verder te irriteer.



Teen laatmiddag was dit warm en almal het van hulle argument vroeër daardie oggend vergeet; selfs klein Spout. Maar toe kom die nag – ’n yskoue, windstil nag. Die volgende oggend was die olifante stokstyf van die koue.

“Brrrr,” het al die ander olifante saamgestem en opgekyk na die bome. Daardie oggend het dit gelyk asof hulle oral waar hulle gekyk het, warm, knus voëlneste gesien het.



“Ek wil nie eens van neste hoor nie!” het Flap getrompetter. Sy was in ’n verskriklike bui ná die koue nag.

Die olifante het verlangend na die neste in die bome gekyk en gesug. Maar Flap was die leier van die trop, en haar woord was finaal.



Daardie nag was selfs kouer as die vorige een. Teen dagbreek het dit vir Spout gevoel asof haar slurp van die koue afgeval het. Maar sy het nie ’n woord oor neste gesê nie, al wou sy baie graag.

Sy kon sien wanneer haar ma in ’n slegte bui was. En daardie oggend was Flap regtig baie knorrig. Kort-kort het sy ongeduldig gebrom en die neste in die bome aangegluur.



Die volgende nag was nóg kouer. Met sonsopkoms het Spout se hele lyf gebewe. Haar slurp het so erg gebewe dat sy nie eens kon wei nie. Die ander olifante het net so koud gekry. Hulle het kort-kort na Flap gekyk en onder mekaar gemompel.

Skielik het Flap ’n lang, harde dreungeluid gemaak. Spout het grootoog na haar ma gekyk.

Waarom het sy die bulle geroep? Sy het vreeslik ontsteld geklink.



Een ná die ander het die bulle uit die veld aangestap gekom. Tusker, klein Spout se pa, het voor geloop.

“Wat is fout, Flap?” het Tusker gevra. “Hoekom het jy ons geroep?”

“Ek is siek en sat daarvoor dat ons olifante buite in die koue moet slaap,” het Flap gesê.

“Ons gaan neste bou. Vandag. Olifantneste! En julle gaan help. As die mossies snags in warm neste kan slaap, kan die olifante ook.”



“Olifantneste? Ag nee, nou het ek alles gehoor!” het Tusker gebrom. Hy en die ander bulle het begin om weer veld toe te stap.

Maar Flap het hulle gekeer. “Jy gaan nêrens heen nie, Tusker! Jy sal vandag jou plig doen. Ons wil olifantneste hê, en ons sál olifantneste kry!”

Spout het na haar pa gekyk. Sou hy gehoorsaam?

“Olifantneste?” het Tusker gekreun en na die neste in die bome gestaar. Dit was hopeloos.



“Nou goed dan, as dit julle beter sal laat voel … Maar eers sal ons die regte bome vir die werk moet vind. Kom ons versprei deur die veld en soek die sterkste boom.”

Die veld het gekraak en geknars terwyl die olifante die bome geskud het om hulle te toets. Spout het saam met haar ma geloop. Sy was baie opgewonde oor die bou van die nes. Vanaand sou sy so knus soos ’n gogga slaap. Oe! Nou moes hulle net die regte boom vind.



“Mamma, wat van daardie een?” het Spout geroep en na ’n reusagtige kremetartboom gewys.

Flap het instemmend met haar ore geflap. “Mooi raakgesien, Spout! Dit is die perfekte boom om ’n nes in te bou.”

Die res van die trop het saamgestem. Die enorme boom was perfek vir die heel eerste olifantnes ooit.

Maar om die nes te bou, was nie net pret en plesier nie – selfs al het jy ’n handige slurp soos die olifante gehad. Almal moes help om takke en gras aan te dra, selfs klein Spout.



Uiteindelik was die nes klaar, en selfs die voëls moes erken dat dit pragtig was. Dit was sterk aan die buitekant en baie sag en knus aan die binnekant. Boonop was dit heeltemal waterdig – nie eens ’n druppel reën sou inkom nie.

Spout en al die ander olifante was baie beïndruk. Hulle het om die boom gestap om die nes van alle kante af te bewonder.




"Die nes is net groot genoeg vir twee olifante. Ons sal beurte moet maak om daarin te slaap," het Tusker gesê.

"Wel, ek is die leier van die trop," het Flap gesê. "En dit was Spout se idee. Dit is dus net regverdig dat ons die eerste beurt kry."


"Hoera!" Spout was baie opgewonde.

"Kom, Spout, sê nag sodat ons in die nes kan klim," het Flap gesê.



“Goeienag, almal!” het Spout gesê. “Sien julle môreoggend!” Toe het sy en Flap met moeite in die nes opgeklim.

Terwyl Spout en haar ma hulle gemaklik gemaak het, het hulle die ander olifante onder die boom hoor kla. Laat hulle maar brom, het sy gedink. Vanaand gaan sy in ’n warm nes slaap, en dit gaan wonderlik wees.



En dit was wonderlik, vir ’n klein rukkie. Maar toe maak ’n verskriklike honger haar wakker. Sy het met moeite uit die boom geklim om te gaan wei. Toe haar magie vol was, het sy weer teruggeklim.

Sy het haar weer gemaklik gemaak en aan die slaap geraak. Skaars het sy aan die slaap geraak, toe word sy deur ’n verskriklike lawaai wakker. Dit was haar ma wat uit die boom geklim het om te gaan wei, terwyl sy die hele pad gekreun en gesteun het.

Later het sy weer teruggeklim en net soveel lawaai gemaak.



In die middel van die nag het Spout wakker geword toe ’n slurp haar teen die wange klap.


“Wat maak jy?” het Flap getrompetter.

Spout het om haar rondgekyk. O, aarde! Sy het in haar slaap aan die grasvoering van die nes begin eet.

“Jammer, Mamma,” het sy gepleit.

“Moenie dat dit weer gebeur nie!” het Flap geraas.

Spout het so skuldig gevoel dat sy nie kon slaap nie. Toe sy uiteindelik weer ingedommel het, het sy met ’n skrik wakker geword van ’n harde gekraak en geknars. Hierdie keer het haar ma in haar slaap aan die takke in die nes gekou.




“Huh?” het Flap gebrom en agteruit gestrompel. Té ver agteruit, en met ’n verskriklike gekraak van brekende takke het sy uit die nes geval.

DOEF! Dit het deur die veld gedreun toe sy die grond tref.

“Mamma!” het Spout baie ontsteld gesê. “Het Mamma seergekry? Wag, laat ek help om Mamma op te kry!”

Maar natuurlik was Spout te klein om haar ma te help opstaan. In plaas daarvan is sy ook afgetrek.

“Eina, eina!” het hulle gekerm en gesteun.



“Wat gaan daar aan?” het Tusker iewers uit die donker gebrom.

“Niks!” het Flap geantwoord, en toe het sy Spout vinnig weer in die nes ingestoot.

Maar teen daardie tyd het Spout te seer gekry om selfs aan slaap te dink. Boonop was sy weer honger. Sy het dus weer versigtig afgeklim, gaan wei en toe met moeite terug in die nes geklim.

Teen sonsopkoms het Spout slegter gevoel as ooit tevore – moeg, styf en seer.



“Het julle twee lekker geslaap? Was dit lekker warm?” het Tusker onskuldig gevra.

Spout het met haar slurp aan die kneusplek op haar knie geraak en iets gemompel, maar sy het nie naastenby so sleg soos haar ma gevoel nie. Flap se boude was gekneus, haar linkeroor was geskaaf en sy het selfs ’n stukkie van een van haar tande afgebreek.

Nadat sy Tusker lank aangestaar het, het sy skielik getrompetter: “Ek HAAT neste!”

Sy het op die kremetartboom afgestorm en daarteen begin stoot.

“Ek haat NESTE!” het sy oor en oor getrompetter.

Toe het sy die boom omgestoot, nes en al.



Sedert daardie dag sal ’n olifant doelbewus ’n boom omstoot, net omdat ’n voël ’n nes daarin gebou het.

En niemand waag dit ooit weer om van olifantneste te praat nie – veral nie wanneer Flap of Spout in die omtrek is nie.



“Dis nou maar olifante vir jou!” Die bobbejane brul van die lag.

“Hulle neem hulleself veels te ernstig op,” giggel Tiny-Toes. Die vorige dag was ’n olifantkoei vreeslik ontsteld nadat hy ’n bol mis na haar gegooi het.

“As ek ooit ’n leë olifantnes kry, sal ek elke aand daarin slaap,” sê Knuckles dromerig. “Dit sal so warm en knus wees.”



“Ha-ha! Stump spot met my!” kla Knuckles.

“Stump, los jou neef uit!” roep Tannie Mangy. “Jy is nooit te oud vir ’n goeie pak slae nie!”

“Party diere hoort eenvoudig nie in bome of in die lug nie,” sê Tannie Jiggle-Jowl.

“Neem bere byvoorbeeld …”



“Bere?” Tiny-Toes klink verward. “Ek het nog nooit van bere gehoor nie.”

“Bere! Ha! Daar bestaan nie sulke diere nie!” roep Oom Fiddle-Foot. “Nêrens nie!”

“Maar daar wás regtig bere in die veld,” sê Tannie Mangy. “My oumagrootjie Tinker-Tail het dit self vir my vertel.”



“Slakspore!” sê Oom Fiddle-Foot.

Tannie Mangy is so beledig dat sy amper van haar rots afval. “Wil jy vir my sê my oumagrootjie Tinker-Tail het slakspore gepraat, jou motgevrete marula!” skree sy kwaad.

“Sjuut!” sê Bigmouth, die wag. “Wil julle die hele veld wakker maak?”

Vir ’n rukkie is die bobbejane stil, maar toe kan Stump homself nie langer inhou nie. “Vertel ons asseblief van die bere?” vra hy baie mooi.



“Ja, asseblief, asseblief!” smeek die ander kleintjies ook.

“Hmmpf!” brom Oom Fiddle-Foot.

Tannie Mangy maak asof sy hom nie gehoor het nie. “Dit is ’n baie ou storie,” sê sy. “Ek weet nie of ek nog alles daarvan kan onthou nie, maar ek sal my bes doen.”




THINK
DIGITAL ACADEMY